

**SONDAG 10**

**VRAAG EN ANTWOORD: 27**

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling	
<b>Vraag: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?</b>				
Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God	1	Jesaja 29:15-16	Wee hulle wat planne diep verberg vir die HERE, wie se werk in duisternis plaasvind; en hulle sê: Wie sien ons en wie ken ons? o Julle verkeerdheid! Of moet die pottebakker beskou word as klei, dat die maaksel van sy maker kan sê: Hy het my nie gemaak nie, en die vormsel van sy vormer kan sê: Hy het geen verstand nie?	Ellende wag vir dié wat dink hulle kan hulle planne diep wegsteek vir die Here, hulle wat besig is om dinge in die donker te doen en dink: wie sien ons? Wie weet van ons? Julle is agterstevoor met alles, asof die pottebakker die klei is. Die maaksel kan mos nie van sy maker sê: "Hy het my nie gemaak nie"; die kleipot kan mos nie van die pottebakker sê: "Hy weet nie wat hy doen nie."
		Jeremia 23:23-24	Is Ek 'n God van naby, spreek die HERE, en nie 'n God van ver nie? Sou iemand hom in skuilplekke kan wegsteek dat Ek hom nie sien nie? spreek die HERE. Vervul Ek nie die hemel en die aarde nie? spreek die HERE.	Ek is nie 'n God wat net naby is nie, sê die Here, Ek is 'n God wat ook ver weg is. Niemand kan in 'n geheime plek wegkruip sonder dat Ek hom sien nie, sê die Here. Ek is oral in die hemel en op die aarde, sê die Here.
		Esegiël 8:12	Toe sê Hy vir my: Het jy gesien, mensekind, wat die oudstes van die huis van Israel in die duisternis doen, elkeen in sy kamers met beeldwerk? Want hulle dink: Die HERE sien ons nie; die HERE het die land verlaat.	God het vir my gesê: "Mens, sien jy wat doen die leiers van Israel in die donker, elkeen in die heiligdom van sy eie afgodsbeeld? Hulle dink: die Here sien ons nie, Hy is nie meer in die land nie."
		Handelinge 17:25-28	Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee. En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag.	Hy het ook nie nodig dat mense Hom versorg nie. Intendeel, dit is Hy wat aan almal lewe en asem en alles gee. Uit een mens het Hy al die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon. God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Hy is nie ver van enigeen van ons af nie, want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons. Of soos party van julle digters ook gesê het: 'Ons stam ook van Hom af.'
waardeer Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer	2	Hebreërs 1:3	Hy, wat die afskynsel is van sy heerlijkheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,	Uit Hom straal die heerlijkheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel.

dat lower en gras, reën en droogte,	3	Jeremia 5:24	en hulle het nie in hul hart gesê nie: Laat ons tog die HERE onse God vrees, wat reën gee, vroeë reëns en laat reëns op hulle tyd, wat vir ons die vasgestelde weke van die oes in stand hou.	Hulle het nie vir hulleself gesê: "Ons moet die Here ons God dien wat ons die groot reëns gee, die vroeë en die laat reëns, elkeen op die regte tyd, wat vir ons gesorg het met oeste op die regte tyd" nie.
		Handelinge 14:17	al het Hy Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul.	maar tog bekend gemaak dat dit Hy is wat die goeie dinge gee: Hy het vir julle reën van die hemel af gegee en gereelde oeste; Hy het julle volop kos gegee en julle gelukkig gemaak."
vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte,	4	Johannes 9:3	Jesus antwoord: Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word.	En Jesus antwoord: "Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word.
rykdom en armoede	5	Spreuke 22:2	Rykes en armes ontmoet mekaar, die HERE het hulle almal gemaak.	'n Goeie naam is meer werd as groot rykdom, die goeie gesindheid van ander meer as silwer en goud.
en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom.	6	Spreuke 16:33	In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE.	Mense kan loot, maar die Here bepaal hoe dit uitkom.
		Matteus 10:29	Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie.	"Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie.